Voorwoord

Om ’n Festschrift ter ere van die akademiese werk van ’n kollega en medewetenskaplike te publiseer, is sekerlik een van die mees lonende intellektuele gebeurtenisse wat so ’n akademikus kan ervaar. Dit is daarom ook ’n besondere voorreg om die taak opgedra te word om ’n Voorwoord vir hierdie Festschrift te skryf.

Marthina Elaine Botha is op 12 September 1938 in Krugersdorp, in die Republiek van Suid-Afrika, gebore. Sy is tans professor in Filosofie (*emerita)* aan Redeemer University College in Ancaster, Ontaria, Kanada, asook aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus in Suid-Afrika. Sy is ook adjunk-professor aan die Institute for Christian Studies, Toronto, Ontaria, Kanada. Sy het aan die Vrije Universiteit van Amsterdam in Nederland gegradueer en vir meer as 25 jaar die vak Filosofie onderrig aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Sy het aan verskeie universiteite en kolleges in Noord-Amerika, Europa en Suid-Afrika klasgegee en het ’n omvattende lys publikasies wat handel oor die rol van metafoor in godsdiens, wetenskap en alledaagse kognisie.

Een van haar mees gerekende onlangse publikasies, *Metaphor and its moorings: studies in the grounding of metaphorical meaning* (Bern: Peter Lang, 2007), reflekteer haar spesialisasieveld. Sy bou krities op die insigte van Lakoff en Johnson *et al.* deur ’n nuwe invalshoek aan die besprekings oor konseptuele metafoor en die basis daarvan in menslike beliggaming te verskaf. In haar voorgestelde alternatief tot die tradisionele kennisbeskouing argumenteer sy dat die onderskeid tussen letterlike en metaforiese taal herbesoek behoort te word en dat dit vervang behoort te word met ’n siening waarin die idee van gepaste analogie en noodsaaklike metafore erken word. Die insigte wat hierdeur verkry word, word ook op die veranderende sienings aangaande teorie en waarneming in wetenskaplike teoretisering toegepas. Sy argumenteer dat alle wetenskaplike waarneming deurtrek is van teoretiese oortuigings en dat metafore ’n bepalende rol speel in die modelle wat ontwikkel word om die werklikheid te verstaan. Sy argumenteer vir die teenwoordigheid van ’n fidusiêre faset wat teenwoordig is in alle kognisie en demonstreer hoe hierdie element as ’n mediërende kanaal vir religieuse oortui-

gings funksioneer, wat as kontrole oortuigings in wetenskaplike teorieë optree. Hierdie teses word gedemonstreer in ’n gevallestudie oor die verhouding tussen religie en wetenskap in die werk van Michael Faraday. Ten slotte argumenteer sy dat alle menslike kennis en optrede uiteindelik in religieuse wortelmetafore gewortel is, wat menslike kognisie ook kan mislei, verwring en laat afwyk en aanleiding kan gee tot ideologieë.

Haar professionele ervaring strek oor Noord-Amerika, Kanada, Europa (Nederland) en Suid-Afrika. Merkwaardig is haar dienste as vise-president (Akademie) aan die Redeemer University College, Ancaster, Ontario, Kanada (1995-2000), terwyl sy gelyktydig ook volle professor in Filosofie was.

Sy het gedien as vise-voorsitter en voorsitter van die Philosophical Society of Southern Africa (1992-1994); as lid van die Raad van die Fakulteit van die Kunste en Sosiale Wetenskappe van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; op die subprogram Methodology Research van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en op die INTERFIL-program (voorsitter, 1987-1992). Sy was ook ’n raadslid van die International Association for the Promotion of Christian Higher Education (1978-1982).

Bykomend tot wydstrekkende onderrig en redaksionele ervaring, sowel as ’n groot aantal besoekende professorskappe en gaslesings, het sy tussen 1978 en 2011 ’n totaal van 28 voordragte by internasionale konferensies gelewer. Sy het verskeie kere as navorsingsgenoot/medewerker/koördineerder opgetree en het oor die jare nege navorsingsbeurstoekennings ontvang. Sy is outeur van ses boeke en het 31 hoofstukke tot onafhanklike boeke bygedra.

In 1992 het sy die Stalsprys vir Filosofie van Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. (The South African Academy of Science and Arts).

Die verskeidenheid temas wat bespreek word in die bydraes wat in hierdie *Festschrift* gepubliseer word, getuig van die wydte en diepte van die intellektuele nalatenskap van Elaine Botha. Enigeen wat op soek is na ’n voëlvlugperspektief kan eenvoudig al die *Opsommings* lees voordat die bydraes self gelees word. Tesame erken hulle die feit dat Elaine Botha die oë van die reformatoriese filosofiese tradisie oopgemaak het vir die belangrikheid daarvan om te reflekteer oor die aard en plek van metafore binne wetenskaplike dissiplines en in ons alledaagse leefwêreld.

Namens al die bydraers wil ek die opregte hoop uitspreek dat hierdie *Festschrift* ook ’n welverdiende sin van vervulling sal skep en dat dit ervaar sal word as ’n getuienis van ’n geseënde lewe in diens van die bevordering van die ideaal van Christelike wetenskap.

D.F.M. Strauss